

Hoofstuk van die dag: 1 Timoteus 2

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense … sodat ons ’n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. (vers 1-2)

Paulus se riglyne in hoofstuk 2 en 3 gaan alles daaroor dat lidmate só moet leef dat die gemeente rustig en stil kan wees en hulle aan God kan toewy. Só gaan daar ’n getuienis uit na buitestaanders, sodat alle mense gered kan word (vers 3).
Die (vir ons vreemde) riglyne oor hoe vrouens moet optree (vers 9-15), moet in die lig hiervan verstaan word. Ons moenie wat hier staan, lees as iets wat vir alle vroue en alle tye geld nie. As ons vandag in die kerk die voorskrifte toepas wat Paulus hier vir die vroue in Efese gee, sal dit kontraproduktief wees. Dit sal juis nie tot ’n rustige en stil lewe bydra (soos Paulus se oogmerk met sy reëlings was) nie.
Dit gaan daaroor dat ons só moet lewe dat die wonder van ’n herstelde verhouding met God in ons optrede sigbaar word (vers 5-6). Ter wille van ons getuienis moet ons daarom soms offers bring en afstand doen van ons regte.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026